14 Februarie 2021

FAMILIE TUISBLAD

2 Korintiërs 4:3-6

Harte wat skyn met liefde
Op 14 Februarie vier baie mense Valentynsdag – die dag van die liefde. Het julle dit ook gevier deur vir iemand 'n kaartjie te maak of 'n boodskap te stuur? Sosiale media en winkels wil egter vir jou laat glo, dat hoe meer goed jy kry, hoe meer populêr en geliefd is jy. Maar natuurlik is dit nie waar nie. Liefde gaan nie oor wat jy kry op Valentynsdag nie. Liefde is ook nie net romanse nie, maar ook vriendskap. Liefde is wanneer mense vir mekaar omgee en gaaf is. Kom ons gesels oor hoe ons hierdie week Jesus se liefde vir ander kan wys.

Lees: 2 Korintiërs 4: 3-6

Gesels:

- Hoe het jy Valentynsdag beleef?
- Kan jy dink aan 'n fliek of series waar iemand liewer was vir geld / besittings / aandag as om ware liefde te gee of te ontvang?
- Watter dinge maak mense "blind" vir God se liefde, maw veroorsaak dat mense nie Sy liefde ervaar en sien nie?
- Hoe het Jesus vir ons kom wys wat liefde is?

Bid: Neem tyd om vir God dankie te sê vir Sy liefde vir jou en bid dat jou geliefdes Sy liefde sal ervaar.

Doen: Maak vandag 'n rooi hart met 'n kruis op om julle daaraan te herinner dat Jesus vir ons wys wat ware liefde is.

Mag die Here by jou wees en jou help om ander lief te hê met Sy liefde.

Reis hierdie week verder saam met hierdie tema en teks "Harte wat skyn met liefde – 2 Korintiërs 4:3-7" deur te luister na die **Dinkjeug Familie App** se oordenkings. Daar is daagliks, Maandag tot Vrydag, 'n 5 min podcast waarna gesinne kan luister met 'n storie, teks, gespreksvrae, gebedswenk en doen idees.

Laai die app hier af:

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715
Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za